

Sondag 20 September 2020

Ds. Marius Breytenbach

In ons preekreeks is ons besig met berge waar God gelowiges ontmoet het en die wyse waarop hierdie ontmoetings hulle geraak het om weer in die valleie af te gaan om daar betekenisvolle lewens te leef. Mag vandag se diens vir jou so 'n oomblik wees.

Gebed

Gun my, o Here die wysheid, om dié kennis te bekom wat die moeite werd is om te weet; om lief te hê wat liefde waardig is; om die dinge te loof wat in U oë kosbaar is; en om alles te haat wat vir U aanstoot kan gee. Help my om nie te oordeel op grond van wat ek kan sien nie; en nie te veroordeel net op grond van wat ek hoor nie; maar met 'n onpartydige hart na alle kante van 'n saak te kyk. Leer my om in alles wat ek doen, U wil te soek en U hart te verbly.

Skryf U naam Here op my hart om daar so onuitwisbaar te bly staan dat geen voorspoed of teenspoed my ooit van U liefde sal kan skei nie. Wees vir my 'n bron van krag, my troos in tye van hartseer, 'n redder uit ellende, 'n skadu aan my regterhand, en 'n hulp in my nood. Wees my Gids deur die lewe wat my veilig deur alle versoekings en gevare na my ewige tuiste lei.

Here, U weet wat vir my die beste is. Laat daarom met my gebeur net wat U wil. Gee my wat U wil, wanneer U wil en soveel as wat U wil. Doen met my soos U wil. Gebruik my soos U wil en waar U wil. Ek is in U hand – veilig, maar ook gereed om te dien. O my God, ek wil nie meer vir myself lewe nie. Maak my lewe 'n loflied aan U.

- Thomas á Kempis -

Ons teks bring ons vandag by berg Sinai (Horeb) by die bekende gebeurtenis wat van kindsdae by ons ingeprent is – die verhaal toe God Moses op die berg kom ontmoet het.

Lees Exodus 19:1-8.

Meer as 'n 1000 jaar na hierdie gebeurtenis het Jesus soortgelyk aan Moses die berg agter Kapernaum bestyg om sy volgelinge te leer.

Lees Matteus 5:17, 20 wat op hierdie berg gebeur het.

Wat is die boodskap wat Moses van God gekry het om aan die volk oor te dra wat ons vandag moet hoor?

1. Dit begin met 'n belangrike vertrekpunt (vers 6). God wil hulle goed laat verstaan dat die hele aarde aan hom behoort en dat Hy vir alles daarin omgee. Dit is iets groter wat hulle nie verstaan nie!
2. God wil hulle laat verstaan dat hulle binne hulle huidige omstandighede geroep is juis om op 'n baie spesifieke manier in hierdie omstandighede te leef (baie praktiese reëlings rakende die mense om hulle + natuur).
3. Die volk se reaksie is toewyding. Iets besonder het met hulle gebeur wat hulle inspireer om op 'n baie spesifieke wyse te leef.

Jesus se lering op die berg net bokant Kapernaum doen presies dieselfde, maar met die verskil dat Jesus aan die inhoud van die Wet van Moses verander, sodat die beginsels agter duidelik vir hulle tyd blyk. Die punt was Jesus maak is dat dit nie help om toegewyd aan wette te leef, terwyl ons irrelevant is vir die wêreld waarin ons lewe nie. In Jesus se tyd was die fokus nie net op 10 geboorte nie, maar daar was 613 baie praktiese beginsels in die eerste 5 boeke van die OT (Pentateug). 365 moenies en 248 moets.

In 'n gesprek met Skrifgeleerdes en Fariseërs, wat in streng toewyding tot hierdie wette geleef het, kom verander Jesus daaraan en laat blyk dat God meer van hulle verlang. "Wat soek God dan meer van ons as ons so toegewyd leef", het hulle waarskynlik gedink. Wat is die meer? Dit is dat Jesus die beginsel van God se heerskappy en sorg soos in die wet opgeteken gestand doen deur dit op 'n relevante wyse vir hulle hede te herinterpreteer. Jesus laat ons verstaan dat God se bedoeling destyds met die Wet aan Moses nie bedoel was om gelowiges in 'n tipe van toewyding verder van die wêreld doer op 'n berg te isoleer nie.

Wat sou dit beteken om in 'n wêreld soos vandag in toewyding aan God in die vallei te leef?

Ons sal moet aanvaar:

1. Dat alhoewel ons nie so voel of dink nie, hierdie hede soos dit nou is ook God se hede is. God is hier teenwoordig!
2. Dat God in hierdie hede vir meer omgee as waarvoor ons nou omgee. Dit is nie vandag vir ons so maklik om dit te verstaan nie, maar ... Dit nie verstaan nie! (nooit).
3. Ons moet aanvaar dat God ons in elke veranderende tyd weer roep. Dit beteken dat ons voortdurende deur 'n fokus op die studie van die Bybel, gebed, gesprekke en diens verander word om om te gee vir dit waarvoor God omgee.
4. Ons sal aanvaar dat terwyl die Bybel algemeen met ons praat oor 'n gelowige lewe ons daarin spesifiek sal moet uitmaak wat die Here van my in hierdie tyd verwag.

Ons sluit af met 'n gebed wat Jesus op die berg duskant Kapernaum ons leer bid het. Laat toe dat hierdie gebed jou vandag inspireer om in die vallei daar onder die berg te gaan leef.

Onse Vader wat in die hemele is,
laat U Naam geheilig word.
Laat U koninkryk kom.
Laat U wil geskied,
soos in die hemel
net so ook op die aarde.
Gee ons vandag
ons daaglikse brood,
En vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons
skuldenaars vergewe en lei
ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die
koninkryk en die krag
en die heerlikheid
tot in ewigheid.

Amen

Seëngroet

Die genade van God ons Vader, en die liefde van ons Here Jesus Christus, en die
teenwoordigheid van die Heilige Gees sal met jou bly.